I.M.S.
Vol. I No. 36

UNIVERSIT...
19 DEC 1962
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Mayor's Parlour,
STELLENBOSCH.
26th October, 1962.

## A SITE FOR THE LANGENHOVEN-GEDENKSAAL

At the public meeting held on Wednesday, 17th October, 1962, in the Banqueting Hall of the Town Hall, the following proposal was adopted:

"That the Council invite representatives of interested public bodies to enter into discussions with it in regard to

(a) making available a suitable site in the Jan Marais Park for the proposed Langenhoven-Gedenksaal at the upper end of Victoria Road;

(b) possible further problems connected with the future development of the University on the one hand and the town in its entirety on the other hand.

At the Ordinary Meeting of the Council held on Tuesday, 23rd October, 1962, it was resolved to appoint an ad hoc Committee, to function entirely in a consultative capacity and on which the Council and two members each of the following bodies would serve:

The University, the Civic Association, the Chamber of Commerce and the Horticultural Society.

A meeting of this Committee is to be held on Tuesday, 30th October, 1962, under the Chairmanship of the Acting Mayor.

## GROUP AREAS FOR STELLENBOSCH

The Council, according to the latest information must now accept that development for the Coloured group will extend into the Cloetesdal area.

The one remaining problem is now whether the gap between the Ida's Valley and Cloetesdal areas, which was created by the Government's purchasing the farms Nietvoorby and Helderfontein can be so far filled again as to create one continuous area by adding some land in the southern part of the two farms.

I have been asked to discuss these matters with the Minister of Community Development during my pending visit to Pretoria and to ask that the Secretary of his Department come to Stellenbosch.

Two separate areas would undoubtedly present problems in many ways, for instance in regard to public buildings.

## PRECAUTIONS AGAINST FIRES

Last week a request to clear vacant land of grass and vegetation as a precaution, might have seemed unrealistic because of the weather, which was persistently so bad that even our Flower Show had to be abandoned, much to the regret of all the enthusiasts and lovers of flowers who had looked forward to this great annual event.

Now summer is well and truly with us and the first fire in an Australian Myrtle hedge has occurred this week, bringing the fire brigade into action. I repeat last year's appeal to owners either to clear plots and open land themselves in good time before the growth dries up and becomes highly combustible, or to approach Mr. Wheeler, the Forestry Officer, who could arrange to do the necessary at the cost of the owner, who by regulation, is required to take action to obviate the danger.

---

2 November 1962.

## TERREIN VIR LANGENHOVEN-GEDENKSAAL

Die Komitee waarvan ek in my rubriek van 26 Oktober 1962 melding gemaak het en wat uit verteenwoordigers van die Kamer van Koophandel, Burgerlike Vereniging, Tuinbouvereniging en die Universiteit saamgestel is, het op Dinsdag, 30 Oktober 1962 saam met die Stadsraad vergader en die hele aangeleentheid breedvoerig bespreek. Die betrokke liggame het onderneem om hulle onderskeie standpunte skriftelik aan die Raad te stel voor 20 November 1962, wanneer die saak by die gewone Raadsvergadering oorweeg sal word.

## VERTONING VAN FILMS

Die Raad het 'n aanbod van die Departement van Inligting om 'n aantal van sy nuutste films hier te vertoon, met waardering aangeneem. Hierdie films is gewoonweg net vir vertoning in die buiteland bedoel en een van hulle het 'n gesogte prys op 'n onlangse Internasionale Filmfees verower. Daar word gehoop om die vertoning vir Vrydag, 16 November in die Stadsaal te reël, maar 'n verdere aankondiging sal later gemaak word.

## HERSONERING VAN EIENDOMME IN VAN RIEBEECKSTRAAT

Die Raad het onlangs sy voorneme om sekere eiendomme aan die noordekant van Van Riebeeckstraat tussen Bosman- en Riebeeckstraat te hersoneer vir universiteitsdoeleindes, bekend gemaak. Van verskillende kante het daar sterk beswaar teen hierdie plan gekom en op sy jongste vergadering het die Stadsraad besluit om die gedagte te laat vaar.

## ONS KERKHOWE

Dit staan nou vas dat die Stadsraad vanaf 1 Januarie 1963 die kerkhowe sal oorneem.

## TOELAES AAN STADSRAADSLEDE

Die Provinsiale Raad het vroeër vanjaar die Munisipale Ordonnansie sodanig gewysig dat Stadsrade nou toegelaat word om maandelikse toelaes aan raadslede te betaal tot 'n maksimum van R50 per maand per lid. So 'n betaling moet nie as 'n salaris beskou word nie, maar is slegs bedoel om raadslede te vergoed vir lopende uitgawes wat aangegaan word in die uitoefening van hulle pligte.

In die dagblaaie het daar dan ook die afgelope tyd berigte verskyn van 'n aantal Stadsrade wat reeds besluit het om sulke toelaes te betaal en ons kan aanneem dat baie ander hulle voorbeeld nog sal volg. Graag wil ek net hiermee aankondig dat die Stadsraad van Stellenbosch geen voorneme het om sulke toelaes aan sy lede te betaal nie.

## MNR. EN MEV. S. W. J. LIEBENBERG

Die jongste nuus van ons Burgemeester is dat hy en sy gade tans in Holland vertoef. Dit gaan baie goed met hulle, veral na 'n lekker rustige vakansie in Skotland. Ook die weer speel mooi saam om die verblyf aangenaam te maak.

**WAARNEMENDE BURGEMEESTER: PROF. J. C. DE WET**

Hierdie sal my laaste rubriek vir 'n aantal weke wees aangesien ek oor die naweek na Johannesburg vertrek om as lid van 'n Regeringskomitee ondersoek in te stel na die toelaes betaalbaar aan Provinsiale Raadslede in die vier provinsies. Intussen hoop ek ook om 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Kaaplandse Munisipale Vereniging op Graaff-Reinet by te woon.

Die Stadsraad het prof. J. C. de Wet aangewys om in my afwesigheid as Burgemeester op te tree.

---

9th November, 1962

**INTERIM VALUATION 1962**

The Valuation Court will sit on the 28th November, 1962, to deal with the roll which has been prepared in connection with the Interim Valuation for the Municipal area of Stellenbosch. I am informed that the value of buildings that have been erected during the period between the preparation of last year's interim valuation roll and this year's will exceed R1,000,000. This total includes buildings which are rateable as well as those that are non-rateable. The indications are that the proportion of rateable to non-rateable property will not change to the advantage of the Municipality as yet.

**ESTIMATES FOR THE YEAR 1963**

On Tuesday, the 13th November, 1962, the Council is to consider the estimates. The old problems persistently present themselves. Many a fine proposal has to be abandoned or delayed, greatly because of the high costs of extensions to essential services and the large sums for interest and redemption on loans which simply have to be paid. Never before has it been necessary to look after and preserve as much as possible of what is still in use of the original schemes when Stellenbosch first started to equip itself with the modern amenities that health and pleasant living demanded. The old theory that alleviation of financial worries will come automatically once old loans have been repaid is

of the past. Extensions and improvements of the existing schemes invariably place now burdens on the ratepayers to amounts compared with which those of the past seem child's play. Some towns can manage longer than others on existing works because of slower development. Stellenbosch, however, is developing at a steady rate over a wide area. During the lifetime of the original works the population has trebled.

## HOUSING MATTERS

Preparations for the building of 226 housing units for Coloured people on the plots which are being made available on ground forming an extension of Idas Valley township towards the east, have progressed so far that plans will be submitted to the National Housing Commission. Plans have been prepared for three types of houses consisting of two, three and four rooms respectively, the rentals if they are to be calculated according to the formula for economic schemes being approximately R10, R14 and R16 per month per unit. The Council has had to follow very closely the standard designs of the National Housing Commission and there will be an opportunity for personal discussions at Stellenbosch next Monday.

## A HUNDRED YEARS AGO

The minutes of the November meeting of the Council of 4th November, 1862, cover two handwritten pages. Apart from the statement of market dues collected amounting to £2 5s. 9½d. and the approval of various accounts for very small amounts indeed, inter alia £2 5s. for testing of fire engines and 9/- for their greasing and 3/- for oil and £1 17s. for wages, there is the sixth and final item which reads as follows:

> "Received a letter from Mr. Hutchinson requesting to be allowed to graze an ostrich on Adderley Square (the Braak).
>
> Resolved to inform him that Council has no objection thereto, provided the ostrich be not allowed to roam

in the streets, and that it must cause no nuisance to the inhabitants, otherwise this permission will be withdrawn and he be held responsible for any damage it may occasion."

J. C. DE WET,
Acting Mayor.

---

16 November 1962.

**FILMVERTONING**

Graag maak ek hiermee bekend dat die vertoning van die films wat deur die Departement van Inligting goedgunstiglik beskikbaar gestel is op Saterdag, 17 November 1962, om 8 nm. in die Stadsaal sal plaasvind.

Die films wat almal oor Suid-Afrika handel is eintlik vir oorsese distribusie bedoel maar sal nou ook vir die eerste keer in Stellenbosch vertoon word. Ons wil vertrou dat die publiek in groot getalle die vertoning sal bywoon. Vier films sal aangebied word — twee in Engels en twee in Afrikaans en die toegang is gratis.

**ONS BEGROTING VIR 1963**

Op Dinsdag, 13 November 1962, het die Stadsraad 'n spesiale vergadering gehou om sy begroting van inkomste en uitgawes vir 1963 te oorweeg. Die Voorsitter van Finansies, dr. J. C. de Wet, het in sy oorsig van die finansiële posisie van die Raad daarop gewys dat die grootste gedeelte van die uitgawes van die Stadsraad soos dié van enige ander plaaslike owerheid vir die instandhouding van die talle noodsaaklike dienste is wat die Raad vir die voordeel van die inwoners van Stellenbosch daargestel het. Meeste van ons inkomste gaan dan ook om hierdie uitgawes te bestry en dit laat min ruimte vir nuwe werke, tensy dit deur middel van lenings gefinansier word.

Die posisie is juis dat ons die afgelope jaar 'n paar groot lenings, o.a. vir elektrisiteit en vir rioolwerke moes aangaan en die rente en delging daarop verteenwoordig 'n aansienlike las vir die toekoms. Die afgelope tyd het die Stadsraad hom daarvoor beywer om die eiendomsbelasting

binne perke te hou en indien moontlik te verlaag eerder dan om dit te verhoog. Vanjaar se begroting is dan ook opgestel op die aanname dat die belasting onveranderd sal bly op .83c in die R, met die gevolg dat die meeste van die aansoeke om addisionele uitgawes geweier moes word. Uit 'n lang lys wat die groot bedrag van R170,000 beloop het, het die Raad tog R51,721 goedgekeur. 'n Gedeelte hiervan sal uit ons reserwe gefinansier moet word.

Dit is met genoeë dat ek aan die belastingbetalers van ons dorp kan verklaar dat die finansies van die Raad in 'n baie gesonde toestand verkeer. Tans beskik ons oor 'n baie mooi reserwe, wat oor 'n aantal jare opgebou is en wat die Raad graag wil behou vir die maer jare wat mag kom. Dit neem nie die noodsaaklikheid weg dat ons wat die toekoms betref, 'n versigtige beleid sal moet volg, en belastingbetalers sal die Raad hierin behulpsaam kan wees deur nie aan te dring op verbeterings wat nie dringend noodsaaklik is nie. Die Stadsraad is veral ook huiwerig om uitgawes van 'n onproduktiewe aard aan te gaan. Ons betaal vandag nog swaar aan die straatlenings wat baie jare gelede aangegaan is.

Waar ek hier met trots na ons gesonde finansiële posisie verwys, kan ek nie nalaat nie om hulde te bring aan die Voorsitter van Finansies, dr. J. C. de Wet, vir die bekwame wyse waarop hy reeds vir etlike jare die Raad se finansies behartig. Dikwels moes hy sterk druk weerstaan van die kant van sy kollegas wat fondse vir bepaalde doeleindes aangevra het.

## VERSKEIE INTERESSANTE ONDERHOUDE

Sedert die laaste rubriek verskyn het, het die Stadsraad die voorreg gehad om op Stellenbosch die Sekretaris van Behuising en beamptes van sy departement, asook senior beamptes van die Departement van Gemeenskapsbou te ontmoet en, les bes, die lede van die Dorpekommissie. Noudat Groepsgebiede vir Stellenbosch verklaar is, wag die groot taak van implementering op ons en die Sekretaris van Behuising se besoek het veral in verband hiermee gestaan. Dit is vir ons baie duidelik dat die ontwikkeling van Cloetesdal, die toekomstige Kleurling-woonbuurt, gouer aangepak sal moet word as wat aanvanklik beoog is.

Die Dorpekommissie se werk staan veral in verband met die onderverdeling van grond en die daarstelling van nuwe dorpsgebiede en ons het van hulle teenwoordigheid gebruik gemaak om 'n aantal probleme rakende toekomstige woonbuurtes vir sowel blankes as vir kleurlinge te bespreek. Ons het veral die groot behoefte aan behuising vir ons laag besoldigde blanke inwoners beklemtoon en moontlike terreine wat vir die doel aangewend kan word is saam met hulle oorweeg. Tans sit ons amptenare die ondersoeke voort en ons hoop om metteryd 'n aankondiging in hierdie verband te doen.

**W. C. DEMPSEY.**

---

PRO EC. 11/62—4137